
**5.1.040 Kerkplein** [Erfnommers 324, 367, 368, 415, 413 en 412]

Krygswet word afgekondig op Kerkplein – 21 Desember 1880



1. 2. 3. 4. 5. 6. 7. 8. 9. 10. 11.

1. Eerste Kerk op Kerkplein
2. Huis van J.C. Preller
3. Hole-in-the-Wall
4. Meintjeskop
5. Winkel van Johan Robert Lys
6. Central Chambers
7. Standard Bank
8. Winkel van Nationale Boeren Handelsvereeniging
9. Huis van John Robert Lys
10. Goewermentsgebou
11. European Hotel

Hierdie skets deur Andrew A. Anderson [Bol-01 p31] wys die afkondiging van krygswet op 21 Desember 1880 voor die Ou Raadsaal op Kerkplein. Dit was tydens die beleg van Pretoria gedurende die eerste Boere-oorlog (1880-1881). Die Engelse was in Pretoria en die Boere het al die toegangsroetes van buite afgesny.

Ek het met die jare 'n hele paar boeke gelees wat beweer dat daar 'n verskansing [loopgraaf] rondom die kerk op Kerkplein gegrawe was sodat die inwoners van Pretoria in die kerk kon skuil in geval van 'n skermutseling. Ek het altyd gewonder of dit werklik waar kan wees. Ten eerste is daar nie genoeg plek vir al die mense nie (volgens verslae was daar meer as 3,000 inwoners in Pretoria), en ten tweede was dit ver van die weermagkampe af. Die kampe was op daardie tydstip in die suid-westelike deel van Pretoria. Hier is die bewys: heel regs sien ons die kerk op Kerkplein en rondom die Kerk is mense besig om die vore te grawe.

In die Pretoriana van September 1955 [Pr-16 p73] skryf Dr. F.J. du Toit Spies dat die plan aanvanklik was om rondom Kerkplein verskansingswalle op te werp, met die kerk self as 'n soort fort. Daar is in werklikheid al gegrawe en sommige geboue is met sandsakke versterk. Maar daar is gou van die plan afgesien. In plek daarvan word die ganse burger- en militêre

bevolking saamgehok in ‘n paar versterkte laers – op die terrein agter die teenswoordige stadhuis waar die tronkterrein destyds was en die Loreto Klooster tans nog is. Volgens regter Kotze het die krygswet wat afgekondig is ondermeer bepaal dat al die inwoners van Pretoria hul huise verlaat en in die kampe gaan woon [Kot-02 p744].

Iets meer oor die skets. Die huise en besighede het gedurig van eienaar verwissel en dit is nie moontlik om te bepaal wie op hierdie datum ‘n sekere besigheid besit het nie.

Heel links op die skets sien ons die suidelike vleuel van die eerste kerk op Kerkplein. Die berg wat agter uitsteek is Meintjeskop waar die Uniegebou vandag is. Regs van die kerk is die woonhuis van J.C. Preller [aansig na Kerkplein], en langs die huis die hoekwinkel van Albert Brodrick. Hier was die beroemde kroeg The Hole-in-the-Wall.

Die lang gebou oorkant die straat op die ander hoek van Kerkplein was later die winkel van Field & Hoffman. Moontlik was dit op hierdie stadium die winkel van John Robert Lys. Die twee eenderse wit geboutjies in die middel van die skets was die Central Chambers met die eerste gebou van die Standard Bank in Pretoria daarlangs. Die rooi dak wat agter die boom uitsteek was Winstanley se winkel wat later die Nationale Boeren Handelsvereeniging Beperkt geword het. Die eerste gebou met ‘n swart dak is John Robert Lys se woonhuis [wat eers ook deels as winkel gebruik was], en regs daarvan is die eerste Goewermentsgebou. Die gebou regs op die skets is die European Hotel wat pas ‘n tweeverdieping-gebou geword het. Dit is nie seker of die tweede verdieping bo-op die ou gebou gebou is en of dit ‘n heel nuwe gebou is nie.

<u>Bronne</u>:


Bol-01 Bolsmann, E. 2001. **Pretoria Artist's Impressions 1857-2001.** Pretoria: Protea Boekhuis. [foto p. 31]

Kot-02 Kotzè, J.G. 1934. **Biographical Memoirs and Reminiscences**. Cape Town: Maskew Miller.

Pr-016 Spies, F.J. du T. 1955. **Forte en verskansings om Pretoria**. Pretoriana, Nommer 16 & 17, Julie – September.


Rosa Swanepoel Versameling [Foto Kp1-013]